# NASIONALE ROEPING.

Dit word dikwels geleer dat nasionaliteitsbesef maar 'n verskynsel is van die 19e eeu; maar Bybelkenners sal wel beter weet, en dit nie net wat Israel betref nie.

In die geval van Israel word dikwels weer verkondig dat dit nie vir ons enige lering bevat nie, omdat die volk Israel 'n unieke roeping ontvang het.

Maar hy het dan tog 'n roeping (al was dit 'n besondere sin uniek) ontvang, soos ook ander volke van sy tyd, en dit is seker wel ook vir ons van betekenis dat God vir daardie unieke roeping 'n volk gekies het en nie 'n sekte of 'n staat nie.

Die voorbeeld van Israel leer ons dan dat 'n volk om sy roeping te vervul sy kultureel-nasionale identiteit moet bewaar, maar ook dat hy daarvoor normaalweg 'n eie nasionale staat nodig het.

Volgens die Skrif het ook rasse besondere roepinge, soos in die geval van die nakomelinge van Noag, wat soms deur die eeue hulle werking uitoefen.

'n Volk se roepingsvervulling vereis wel gewoonlik 'n eie nasionale staatsvorming, maar in so 'n staat kan ook ander volkselemente opgeneem wees; en 'n nasionale staat kan selfs geroepe wees om homself imperiaal uit te brei, om ander volke tot kultuurontwikkeling te bevrug, soos die Romeine met die Germane gedoen het en die Britte met baie nasies, en soos ons ook nou in Suid-Afrika doen, veral ten opsigte van die nie-blankes.

Sodanige imperialisme was tot nog toe die hoofmiddel om die Westerse beskawing oor die wêreld te verbrei, vanaf die Ooste Weswaarts. Maar sy rol is nou haas uitgespeel, behalwe in die geval van Rusland se imperialistiese industrialisasie van die Ooste.

In die Westerse kultuurkring egter loop die imperialisme nou ten einde in die vervulling van sy taak om nie-Westerse volke te moderniseer tot selfbeskikking in internasionale saamwerking.

Dit geld ook vir Afrika en vir Suid-Afrika. Hier het ons in besonder te doen met rasse-skeidinge as een grondslag vir nasie-vorming. En as sodanige grondslag is die handhawing van rasseskeidinge ook 'n nasionale roeping.

Want volke word geroep tot selfbeskikking na eie aard, sodra hulle daarvoor ryp is en so lank as hulle hul besondere roeping vervul.

Oor woorde wil ons hier nie redekawel nie, maar op hierdie stadium is dit tog nodig om 'n paar terme te verduidelik soos hulle hier gebruik word.

Ons gaan naamlik, afgesien van ras-

se, uit van volke as histories-gevormde kulturele eenheidsgroepe, ook wel nasionaliteite genoem, wat neig tot eie nasionale staatsvorming.

Sulke volke wat nasionale state verkry het, noem ons nasies, maar die nasie kan soms ander volkselemente insluit wat met die nasie dieselfde staatsbesef en vaderlandsliefde (patriotisme) deel.

In die oorgang van nasionaliteit tot nasie ontwikkel 'n volk nasie-liefde of nasionalisme, en hierdie nasionalisme kan in die so pas genoemde geval verruim word tot patriotisme, wat selfs verskillende nasionalismes kan omsluit. Is die aanvanklike nasionalisme in hierdie situasie nog imperialisties aangelê, dan sal dit in die huidige stadium in botsing kom met die ander opkomende nasionalismes en moet dit oorgaan in 'n federalistiese patriotisme wat die verskeie nasionalismes kan integreer sonder om hulle op te los.

In die uni-nasionale of multi-nasionale staat vorm al die staatsburgers sonder onderskeid saam die staatsvolk, waarvan al die lede nie noodwendig gelykgeregtigd hoef te wees nie, hoewel die moderne tendens daarheen neig; en wat self ook nie 'n sterk patriotisme hoef te hê nie.

Is die staatsvolk kultureel uni-nasionaal, dan kan die maklik 'n eenheidstaat dra; is dit multi-nasionaal, dan is die alternatief vir imperialisme of diktatuur een of ander vorm van federalisasie.

Al die inwoners van 'n staat vorm weer sy bevolking, afgesien van enige nasionale verband of besondere betrekking met die staat.

Soos gesê, het elke volk 'n eie roeping; vir die vervulling daarvan kom dit histories tot stand. En daardie vervulling vereis in die eerste plek selfhandhawing en dan selfbeskikking. M.a.w., die volk moet van nasionaliteit oorgaan tot nasie of tot 'n nasionale onderdeel van 'n staatsvolk, met moontlik ander bykomstige bevolkingselemente in een staat verenig, met 'n gemeenskaplike patriotisme en een of meer federaal-geskakelde besondere nasionalismes. Na mate hy weer homogeen is in rasse-saamstelling, kultuurbesit, ens., kan hy meer demokraties en unitêr 'n eie staatsformasie na eie aard voortbring en dra; dit is dan ook sy selfbeskikkingsroeping volgens die geleenthede van sy bestaansomstandighede.

Religieus beskou is dit in besonder 'n Calvinistiese beginsel en nog meer bepaald 'n beginsel van die Afrikaanse Calvinisme, maar dit is deur die Calvinisme ook in die Westerse ideologie ingeskakel, in sover laasgenoemde nie in hierdie verband vervals is deur Lutheranisme, Katolisisme en Liberalisme nie.

In besonder was en is die Lutheranisme en geesverwante sektarismes vir die Westers-Calvinistiese opvatting in hierdie opsig ondermynend, omdat dit saam met die humanisme en liberalisme die nasionale roeping vergeestelik tot 'n indiwidualistiese Christelikheid of geheel en al ontken. As sodanig het dit sterk ingang gevind in die Afrikanerdom, veral deur die kanaal van die Metodisme.

Die nasionale roeping, het ons gesê, is in die eerste instansie selfhandha-

wing en selfbeskikking en natuurlik ook self-ontwikkeling en -uitbreiding. En dit geld vir elke volk as nasionaliteit en as nasie en as nasionale faktor in 'n staatsvolk.

Maar die roeping tot dit alles, hoewel primêr, is maar by wyse van middel tot die eintlike roepingsvervulling, naamlik die lewering van 'n eie bydrae in internasionale saamwerking, tot die verryking van die kultuurkring waartoe die bepaalde volk behoort, en die inskakeling van daardie kultuurkring in die komende wêreld-organisasie wat die mensheid tot sy volle eenheidspotensies sal ontwikkel, en die wêreld sal ryp maak vir die volheid van die tye voor die wederkoms van Christus. So deel dit op besondere wyse in die universele sin van die wêreldgeskiedenis. En sodra as hierdie bydrae gelewer is, of as die bepaalde volk faal om dit te lewer, dan verdwyn sy historiese bestaansreg.

In die geval van 'n volk wat die geleentheid vind om ander nasionaliteite in sy staatsvolk in te skakel, is dit sy besondere roeping om daardie nasionaliteite tot nasies te help ontwikkel in onderlinge saamwerking, en daarby oor te gaan van imperialisme tot multi-nasionale federalisme, in meer of minder intieme verband, vgl. bv. die Britse Statebond en die Franse Gemeenskap in hul huidige ontwikkelingsfases.

Wat die Afrikanerdom betref, is sy selfhandhawing 'n saak van ras en nasionaliteit; was sy nasie-vorming in die eerste stadium 'n stryd teen Europese imperialisme, wat binnekort afgesluit sal word met die republiekvorming; en is sy staatsvolksorganisasie, waartoe nou in volle selfbeskikking oorgegaan kan word, eensdeels 'n verruiming van sy nasie-besef tot insluiting van die Engels-Suid-Afrikaanse nasionaliteit as sodanig, en anderdeels 'n omvorming van sy imperialistiese verhouding tot nie-blanke Suid-Afrikaners tot dié van 'n multi-nasionale federalisme. Die tragiese gebeurtenisse van die afgelope tyd is tekens dat hierdie twee-voudige proses nog nie algemeen kenbaar 'n aanvang geneem het nie: hulle is nie slegs 'n gevolg van vyandelike wanvoorstelling nie, maar ook van ons eie ontwikkelingstraagheid.

Aan die ander kant is die jubileumjaar van unifikasie 'n belangrike mylpaal in hierdie verband, in sover as dit die beëindiging meebring van die unifikasiepoging om die Afrikanernasionaliteit te absorbeer in die Britse, om so deur konsiliasie een kunsmatige Suid-Afrikaanse nasie tot stand te bring; en ook 'n geleentheid bied om vir die toekoms 'n gesonder nasie-bou van stapel te stuur deur Afrikanerisme en Britsisme te verbind in 'n twee-voudige Suid-Afrikanisme onder leiding van eersgenoemde as die eerste Westerse Afrika-nasionaliteit.

Daartoe bied die republiek-vorming in besonder 'n nuwe geleentheid wat nog nie ten volle aangegryp is nie; maar nadat die Republiek tot stand gekom het, sal dit die roeping wees van die Suid-Afrikaanse nasie van Westers-blanke herkoms, allereers om Bantoe-nasionaliteite tot nasies te help ontwikkel deur modernisering, industrialisering en demokratisering, en hulle koöperatief federalisties in te skakel in die staatsvolk van die Suid-Afrikaanse republiek saam met die Protektorate,

die Mandaat, die blanke deel van die Federasie, die Kongo, Angola en Mosambiek en miskien Kenia.

Tegelykertyd bring ons roeping mee dat ons die nie-blanke bevolkingselemente wat in die Bantoe-state nie opgeneem kan word nie, etnies moet konsolideer tot die ruims moontlike mate van selfbeskikking en hulle geleidelik inskakel in die Suid-Afrikaanse nasie, na mate dié versterk word deur Westerse immigrasie, sodat dit sonder gevaar kan oorgaan van 'n blanke nasie tot 'n oorwegend blanke staatsvolk van die Republiek van Suid-Afrika, as Hartland of liewer Hoof- en ruggraat-land van die toekomstige Federasie van Suidelike Afrika. Hiermee sal apartheid sy funksie vervul het en sal ons nasionale roeping in enger en ruimer sin in multi-nasionale demokratisme kan oorgaan tot deelname in die federalisasie van Pan-Afrika in internasionale verband met die Weste.

Met hierdie proses is nog nouliks begin, maar ons roeping dring daarheen. Vandaar ons huidige groeipyne en die wanbegrip van ons kultuurgenote in die Weste en die wanguns van ons lotgenote in Afrika, van wie ons die naaste bondgenoot behoort te wees in hul emansipasie van buitelandse imperialisme, wat was en wat aan 't kom is.

Op besonderhede van hierdie proses kan nou nie ingegaan word nie; maar dit sal reeds duidelik wees dat dit ingewikkeld en omvangryk genoeg is om ons nasionale roepingsvervulling nog vir geslagte inhoud en bestaansreg te gee. Immers alleen die Afrikanerdom as afkomstig uit die Weste en geakklimatiseer in Afrika en self gebore uit 'n oorgang van kolonialisme tot vryheid, kan doeltreffend leiding gee aan die emansipasie van Afrika tot Westers-georiënteerde moderniteit, en wel so dat al sy volke die stempel van Afrika sal behou, die stempel van viriliteit, blymoedigheid en gemeensaamheid met mededeelsaamheid.

Al kan al die besonderhede dan nou nie reeds vasgelê word nie, is dit tog hoog tyd om altans te proklameer dat ons nou ons roeping aanvaar om baasskap te vervang deur broerskap, tussen Boer, Brit en Bantoe en alle ras-elemente wat in Suid-Afrika tussen hulle ingevoeg is, en op verdere afstand ook met die wat in Afrika noordwaarts buite hulle kring gevestig is. En in die verwesenliking van hierdie broerskap is die verbreiding van die Evangelie 'n hoofelement, maar dan nie as pleganker van blanke selfbehoud of Westerse beskawing nie, maar as verlossingsboodskap vir alle volke van die mensheid vir elk in eie taal en na eie aard in die gees van die Pinksterwonder. As baasskap dan so, altans in die gees en die bedoeling, deur broerskap vervang is, sal staatskantore en kerke nie meer deur nie-blanke agitators verniel word nie, want dan sal hierdie geboue nie meer simbole wees van blanke baasskap nie, maar van eie selfbeskikking en universeel-goddelike verlossing deur Hom wat uit die dood opgestaan het om alle mag oor te neem in hemel en op aarde, en 'n blye boodskap van verlossing te bring aan alle volke vir tyd en ewigheid.

Dit, meen ek, is die koers van ons nasionale roepingsvervulling, wat natuurlik slegs trapsgewys verwesenlik

kan word, maar nou reeds aangekondig en aangevang behoort te word, veral deur 'n koalisie met georganiseerde Engels-sprekende Republikeine, deur konsultasie met nie-blanke Suid-Afrikaanse vertrouensmanne ook wat nie in regeringsdiens staan nie, en deur diplomatieke skakeling met die Noordelike republieke van Afrika.

Bostaande is bedoel as 'n tydswoord vir die huidige noodtoestand en Unie-fees en tegelyk as 'n konstruktiewe reaksie op die onlangse belangrike beleidsverklaringe van dr. H. F. Verwoerd, sowel as op 'n interfakultêre referaat van prof. dr. D. W. Krüger aan ons Universiteit en onlangse Kerkblad-artikels van dr. P. J. Coetzee; asook op die Missionêre Inougurele Rede van prof. H. du Plessis aan die plaaslike Teologiese Skool en die volgende belangrike geleentheidswerke van hierdie jaar: H. A. Fagan: Ons Verantwoordelikheid; N. J. Rhoodie en H. J. Venter: Die Apartheidsgedagte; Jan Rabie: Die Evolusie van Nasionalisme; P. J. Meyer: Trek Verder; D. V. Cowen: Constitution-making for a Democracy.

Dit is ook meer negatief bedoel as 'n Calvinistiese distansiëring van die sogenaamd Evangeliese veelrassigheidsbeleid van ingevoerde Anglikaanse biskoppe en die raslose anti-nasionalisme van alle liberaliste. Ten opsigte van die bekende prof. Cowen se werk, wat die seën ontvang het van mnr. Harry Oppenheimer in die „Anglo-American" se Optima, hy noem dit „An alternative to Apartheid." Dit is dan ook 'n beskeie en besonke proef van sodanige alternatief, wat ernstige oorweging sou verdien nadat bewys is dat apartheid misluk het. Die koers in bostaande tydswoord aangedui mag miskien 'n weg wees om menslikerwys gespreek te verseker dat dit nie sal misluk nie en wel deurdat dit oorgegaan het in multi-nasionale staatsvorming en vryheid.

P.U. vir C.H.O. L. J. DU PLESSIS.